# Nuwe hoofleiers



Hoërskool Secunda het hul hoofleiers vir 2013 gekies en stel hulle graag bekend. Agter van links na regs, is Eugene Botha (Sport), Len Duvenhage (Dissipline), Stefan de Villiers (Akademie) en Fritz Weilbach (Hoofseun). Voor is Linda Augustyn (Kultuur), Macha Naudé (Bemarking), Mignon du Plessis (Hoofmeisie) en Ingrid Potgieter (Sosiaal).

# Musiekfees 'n reuse-sukses



Hoërskool Volksrust het Donderdag, 6 September die jaarlikse Interskole Musiekfees aangebied en ses ander hoërskole en sanggroepe - Hoërskool Oosterland, Hoërskool Ermelo, Die Hoëveld Jeugkoor, Hoërskool Standerton, Ligbron Akademie vir Tegnologie en Evander se Jeugkoor - het aan hierdie vooraanstaande musiekgeleentheid deelgeneem. Hoërskool Volksrust se skoolkoor, onder leiding van me Marietjie Steyn, is hier te sien waar hulle die aand geopen het.

# Krieket-knape kap dit uit

Hoërskool Secunda en Hoërskool Oosterland se o-14 krieketspelers het die naweek teen mekaar in 'n ligawedstryd gespeel, met Hoërskool Secunda wat as wenner uitgetree het.


Dié twee skole se tweedespanne het ook teen mekaar gespeel en Hoërskool Oosterland het hierdie keer geseëvier.

Die toeskouers reken dit was gaaf dat die skole weer teen mekaar kon meeding en is dit eens dat daar goeie spelers in altwee skole is.

Hoërskool Oosterland se eerstespan het in Mbombela (Nelspruit) teen Hoërskool Laeveld gespeel, maar het die wedstryd verloor.

*GB*

# Career exhibition, a great success



Gr 11 and Gr 12 pupils of Hoërskool Volksrust attended the Finance Career Fair and Exhibition - an initiative by Mpumalanga's Department of Finance - which took place at the Vukuzakhe Community Centre on Friday, 31 August. During the event, the top academic performers of the schools in the Volksrust Circuit in attendance each received a laptop and other prestigious prizes. Cornelie Hartung and Armand Viljoen, Hoërskool Volksrust's top performing Gr 11 and Gr 12 pupils, respectively, are seen with their well-earned laptops.


# BASIESE-EVALUERINGS PROSES

**KENNISGEWING AANGAANDE 'N AANSOEK VIR OMGEWINGS MAGTIGING VIR 'N SONKRAG FOTOVOLTAÏESE ELEKTRISITEIT OPWEKKING FASILITEIT BY ESKOM SE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**


Kennis geskied hiermee in terme van Regulasie 54 van Goewermentskennisgewing No R. 543 onder die OIB-regulasies (2010) uitgevaardig kragtens Artikel 24 (5) en 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 soos gewysig (Wet 107 van 1998) van 'n aansoek vir Omgewings magtiging vir die voorgestelde aktiwiteit wat hieronder beskryf word. 'n Basiese Evaluerings proses sal gevolg word. Die aansoek was ingedien by die Nasionale Departement van Omgewingsake.

**Aard van die Aktiwiteit:** Environmental Impact Management Services (EIMS) (Edms) Bpk is aangestel deur Eskom Holdings SOC Ltd om 'n Basiese Evaluerings Proses vir die voorgestelde konstruksie en bedryf van 'n sonkrag fotovoltaïese (PV) kragopwekking fasiliteit by die Grootvlei Kragstasie, Grootvlei, Mpumalanga Provinsie. Die beoogde projek gaan ongeveer 8 Megawatt elektrisiteit genereer en sal deel vorm van die Grootvlei Kragstasie infrastruktuur. Die aktiwiteit se omvang sal minder as 20 hektaar wees. Die Bevoegde Owerheid vir hierdie aansoek sal die Nasionale Departement van Omgewingsake (DEA) wees.

**Gelyste Aktiwiteite:** Die GNR 544 gelyste aktiwiteite wat geaktiveer word deur die fasiliteit is soos volg:

- Die konstruksie van fasiliteite of infrastruktuur vir die opwekking van elektrisiteit waar die elektrisiteit uitset meer is as 10 megawatt maar minder as 20 megawatt, of die uitset 10 megawatt of minder is, maar die totale omvang van die fasiliteit beslaan 'n gebied van meer as 1 hektaar (Gelyste kennisgewing 1, Aktiwiteit # 1)
- Die transformasie van onontwikkelde, vakante of verlate grond buite 'n stedelike gebied, waar die totale gebied wat getransformeer word groter is as 1 hektaar, maar minder as 20 hektaar (Gelyste kennisgewing 1, Aktiwiteit # 23)
- Die vergroting van 'n pad met meer as 6 meter of die verlenging van 'n pad met meer as 1 kilometer (Gelyste kennisgewing 1, Aktiwiteit # 47).

**Ligging van die voorgestelde fasiliteite:** Die voorgestelde perseel is geleë by die Grootvlei Kragstasie by Grootvlei, ongeveer 21 km suid-wes van Balfour, Mpumalanga provinsie. Die geografiese koördinate van die perseel word uitgedruk in desimale grade: 26,76955 'S, 28,49951' E.




**Name van Aansoeker:** Eskom Holdings SOC limited

**Reference:** DEA Ref: 14/12/16/3/3/1/669

**Naam van Kontakpersoon Consultant:** Ten einde te verseker dat u geïdentifiseer en geregistreer word as 'n belanghebbende of geaffekteerde party en dat u kommentaar oorweeg word, stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede, die rede vir u belangstelling en kwessies/besware, skriftelik of telefonies aan Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk. voor of op 12 Oktober 2012. Let asseblief daarop dat slegs geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GPe) in kennis gestel gaan word van verdere geleenthede vir betrokkenheid by hierdie proses.

Stuur asseblief jou inligting, besware, kommentaar en/of bekommernisse (insluitende die verwysingsnommer 0940) na:
Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd
Posbus 2083 Pinegowrie, 2123
Tel: 011 789-7170
Faks: 011 787-3059
Kontak Persoon: Nicus Durieux
E-pos: Nicus@eims.co.za

www.asapdigital.co.za_11889/KN(A)